# Goudrif Kampnuus Klein Paradys

Die naweek van 24-26 Augustus was dit weer sulke tyd - die Goudriwwers het hul waens gepak en afgesit Brits toe. Party sommer al vroeg-vroeg Vrydag oggend en party eers Vrydagnag. Maar op die ou einde was almal daar en kon die naweek begin. Aangesien dit langs die dam was kon die manne lekker lyne natmaak. Divan het “na bewering” die helfte van die dam leeg gevang, maar die enigste foto was van die een klein vissie wat Jannie en Bra’ Jo met goeie samewerking gevang het. Die kinders het Saterdag binne en bo-op die water spandeer en teen die aand was die rooi gesiggies nie van skaamte nie! Later die aand was dit eers tyd vir bietjie partytjie (dit was Roodekruin se verjaarsdag) en aangesien ons so effense te kort het aan jongmans moes Loutjie maar inspring en met die dames dans. Bettie het die eerste een gekry. Als in ag geneem ’n heerlike naweek! Maar moet nie van die AJV van Saterdag vergeet nie - lees meer daaroor in Goudrif Kampnuus AJV.



